

Vrydag 22 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:11-18

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:17

Kan dit waar wees?

Kan dit werklik waar wees dat God so volkome die sondes van die mens vergewe het dat Hy nooit meer daaraan sal dink nie? Dit is waar! So sê die Here.

Ons leef in 'n wêreld waar mense sê: “Ek sal vergewe, maar ek sal nie vergeet nie.” Ons is mos geneig om te onthou en ou koeie uit die sloot te grawe. Familietwiste, huweliksonmin en kwaai-vriendskappe staan gewoonlik in verband met iets wat gebeur het en wat dan onthou word en wat elke keer weer ter sprake kom.

Die Bybel openbaar aan ons in Hebreërs dat God so volkome vergewe asof dit nooit gebeur het nie. Hy het so vergewe asof Hy nie daarvan weet nie. *Hy sal nie weer daaraan dink nie.* Hoe is dit moontlik dat die alwetende God wat alles weet en ken, wat selfs my gedagtes ken nog voordat dit woorde geword het (vgl. Ps. 139), nie sal dink aan die sondes wat ek gedoen het en wat ek nog teen Hom sal doen nie?

Dit is slegs moontlik omdat Jesus Christus met een offer versoening gedoen het. Met die offer van sy liggaam aan die kruis het Hy ons volkome van sondes vrygemaak. Hy het as't ware al ons sondes en al ons skuld toegemaak met sy bloed. Soos 'n tafeldoek 'n tafel toemaak sodat jy eintlik net die tafeldoek sien, so is ons bedek (versoen) met die bloed van Jesus Christus. God sien ons nie soos die sonde ons misvorm het nie, maar Hy sien ons soos ons gewas is in die bloed van die Lam van God.

Met die tema is 'n vraag gestel: *Kan dit waar wees?* Die antwoord is: *Ja, dit is waar.* As hierdie waarheid van die evangelie van Jesus Christus werklik by ons tuisgekom het deur die Heilige Gees, dan kan dit nie anders as dat ons met ons hele lewe die Here sal dien nie. Dan wil ek my nie weer met sonde besoedel nie, maar wil ek my eintlik beklee met klere van dankbaarheid; ek wil doen wat die Here behaag.

Sing: Psalm 32-1:1

Dr. DJS Steyn (Dick) (Emeritus)